

PREEKNOTABLAADJIE

So. 13 Feb. 2022

In Jesus Spore in 2022:

`n Hart...volgens God se wil – wees soos Jesus



Daar het die afgelope dekade `n Amerikaanse film die lig gesien wat gaan oor vier deelnemers wat spesialiswinkenners wou word - “*master sommeliers*”. `n Sommelier (som-mel-jê) is `n opgeleide persoon, gewoonlik werksaam in die gasvryheidsbedryf, met gevorderde en gespesialiseerde kennis van wyn en die bediening daarvan. Die woord wat die meeste gehoor word wanneer jy met een van hierdie vernuftige kenners te doen kry, is `n “tikkie” – ek proe `n tikkie kaneel, `n tikkie aarbei, `n tikkie eikehout, `n tikkie sus en `n tikkie so...

So wonder ek toe `n tikkie by myself: wat se tikkies geure kry mense as hulle met my te doen kry, wat “proe” ander van my karakter? Kan ek vir jou vra: wat is die tikkies geure van jóú wat deurslaan na ander mense toe rondom jou? Proe hulle goeie of wrang smake?

Die Christelike lewe gaan nie primêr oor intellektuele strewe nie; ook nie soseer oor die doen van geestelike aktiwiteite nie, maar veel eerder oor wie jy besig is om te word t.w.v. ander mense se onthalwe.

Die Vader se passie is om te sien dat die deugde van Jesus in óns lewens, al hoe sigbaarder word. Hierdie deugde word deur die Bybel beskryf as “vrug”. Rêrige vrugte groei uitwendig aan `n boom en kan deur almal gesien en geproe word. Goeie vrugte lewer egter bewys van die innerlike gesondheid van die boom, maar uiteindelik lê die waarde van regte vrugte in die voordeel wat dit bring vir diegene wat dit afpluk en geniet.

In Joh. 15 het Jesus baie mooi verduidelik hoe belangrik dit is vir lote (verwysend na sy navolgers) om aan die wingerdstok (Jesus self) geanker te bly, sodat hulle vrug kan dra...

“Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra. Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het. Julle moet in My bly en Ek in julle. `n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.

“Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.” (Joh. 15:1-5)

Jesus se verhouding met, sy afhanklikheid van en verbintenis tot sy Vader word duidelik uit Johannes 5:17-37. Regdeur die evangelies sien ons iets van Jesus se hart:

- Matt. 3:16-17 – Jesus word gedoop
- Matt. 4:1 – Jesus se versoeking in die woestyn
- Mark. 1:40-41 – Melaatse
- Mark. 5:21-36 – die dogtertjie van Jairus/Vrou wat aan bloedvloeiing ly
- Joh. 11 – die dood van Lasarus

- Jesus in Getsèmane (Matt. 26:36-46) & aan die kruis (Matt. 27:32-56)
- Jesus was dikwels uitgekruit as “`n wynsuiper en `n vraat” en `n “vriend van tollenaars en sondaars” (Matt. 11:19)

Die Vader se hart word sigbaar in Jesus; Jesus se hart moet weer sigbaar word in ons, soos wat Hy ons uitstuur die wêreld in (Matt. 28:19-20) – “Hy moet meer word en ek minder” – Joh. 3:30.

Paulus sluit by Jesus aan wanneer hy na die Christelike deugde verwys as die “vrug van die Gees” (Gal. 5:22): “*liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.*”

Wat ons egter sê en dink korreleer nie altyd met wat ons in ons hart voel nie...

“Want soos hy in sy siel bereken, so is hy; eet en drink, sê hy vir jou, maar sy hart is nie met jou nie.” (Spr. 23:7)

Jesus het dit die belangrikheid van ons hart beklemtoon toe Hy gesê het, “Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.” (Matt. 6:21) Die konteks van hierdie gedeelte hou verband met `n mens se verhouding tot geld. Dit geld egter in elke opsig vir alle dinge: jy kan dink iets is reg of belangrik, dit selfs doen...maar as jou hart nie daarmee belyn is nie, dat dit `n beginselsaak is waaraan jou eie hart uitverkoop is nie, beteken dit niks! Dit is dan ook nie volhoubaar nie. As Jesus vandag met ons oor geld moes praat sou Hy byvoorbeeld gesê het “Wys my jou bankstaat...”, want ons geld vloei in die rigting van dié dinge wat vir ons belangrik is.

Kom ek bring dit terug na ons reeks en na Jesus toe...

In Jesus Spore volgens God se wil......om meer en meer **die hart van Jesus** te ontwikkel, te wees soos Jesus. Wat vra dit van my?

1. Om nie slegs kennis te neem van wat Jesus alles gesê het nie, maar
2. Om dit my eie te maak, d.w.s. my hart uit te verkoop aan wat vir Hom belangrik is.
(*Breek my hart vir wat U hart breek*)

Dit is net moontlik as ons harte – net soos die vrugte aan `n boom – in Jesus self geanker is (Joh. 15:1-5) i.p.v. in dié dinge wat die wêreld sê belangrik is of wat ekself besluit belangrik is. Vra jouself voortdurend af: wat “ruik” en “proe” mense wat by jou verbykom? `n Tikkie liefde, vreugde, vrede ens., of `n tikkie ongeduld, onvriendelikheid, gebrek aan selfbeheersing ens.?

In Jesus Spore volgens God se wil met `n hart soos Jesus s’n, beteken:

Ons moet geanker wees in Jesus...sodat sy Gees in ons harte, ons lewe, die regte “vrug” sal voortbring!